26.(1) The Member of the Executive Council may dissolve a governing body if –

     (a) the school is dysfunctional, closed, partly disestablished, a health risk or may affect the safety of any person at such a school;

     (b) a merger, closure, division of a school or any other re-organisation of a school occurs;

     (c) he or she is of the opinion that the governing body is no longer representative of the community for which a school has been established; and

(d) if, due to poor governance, the school is rendered dysfunctional and the process of teaching and learning can no longer be undertaken at the school.

(2) Upon consideration of a motion of no confidence passed by not less than 15 percent of parents on the parents' voters' roll at a general meeting of parents, the Member of the Executive Council may dissolve a governing body.

(3) The Member of the Executive Council may dissolve any school governing body that has rendered a school ungovernable, dysfunctional or for any other reason that he or she deems fit and in the interest of education in the Province.

(4) The Member of the Executive Council may not dissolve a governing body unless he or she has notified the school governing body concerned of his or her intention, granted the school governing body the opportunity to make representations and duly considered such representations.

Delegation of Powers

27. The Head of Department may delegate the functions, duties and powers bestowed upon him or her in this notice to any official in the employment of the Department.

Repeal of notice

28. Provincial Notice No. 94 of 2009 published in the KZN Extraordinary *Gazette* dated 24 June 2010 is hereby repealed.

ES MCHUNU MPL

Member of the Executive Council of the Province of KwaZulu-Natal

responsible for Education

ANNEXURE A

MEMBERSHIP OF A GOVERNING BODY FOR A PUBLIC SCHOOL FOR LEARNERS WITH SPECIAL NEEDS

District/School	Parents of Learners	Educators at school include two (If five or more)	Non-educators include two (If five or more)	Learners attending Grade 8 or higher (two learners)	Representatives of sponsoring bodies, if applicable	Representatives of organisations of parents with learners with special needs	Representatives of organisations of disabled persons, if applicable	Disabled persons, if applicable	Experts in appropriate fields of special needs education	Principal	Owner/Representative of the owner if applicable	TOTAL
AMAJUBA												
YWCA Special School	10	2	2	Nil	1	Nil	Nil	1	1	1	1	9+10= 19
Bumbisizwe Special School	6	2	1	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	6+5= 11
Vumisabelo Special School	6	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	Nil	6+5= 11
Madadeni Special School	6	1	1	Nil	1	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	6+5= 11
Tugela Pre-vocational School	6	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	Nil	6+5= 11
Bergsig LSEN	8	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	2	1	Nil	8+7=15
Tugela High School	7	2	1	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	2	1	Nil	7+6=13

District/School	Parents of Learners	Educators at school include two (if five or more)	Non-educators include two (if five or more)	Learners attending Grade 8 or higher (two learners)	Representatives of sponsoring bodies, if applicable	Representatives of organisations of parents with learners with special needs	Representatives of organisations of disabled persons, if applicable	Disabled persons, if applicable	Experts in appropriate fields of special needs education	Principal	Owner/Representative of the owner if applicable	TOTAL
EMPANGENI												
Masisizane LSEN School	7	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	7+6=13
Sthandiwe LSEN School	9	2	2	Nil	Nil	Nil	1	1	1	1	Nil	9+8=17
Vuleka School	10	2	2	2	Nil	1	Nil	Nil	1	1	Nil	10+9=19
Thuthukani LSEN School	8	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	2	1	Nil	8+7=15
Zululand Remedial School	7	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	7+6=13
iLEMBE												
Stanger Training Centre	8	2	2	Nil	1	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	8+7=15
Ethel Mthiyane Special School	7	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	7+6=13
OTHUKELA												

District/School	Parents of Learners	Educators at school include two (If five or more)	Non-educators include two (If five or more)	Learners attending Grade 8 or higher (two learners)	Representatives of sponsoring bodies, if applicable	Representatives of organisations of parents with learners with special needs	Representatives of organisations of disabled persons, if applicable	Disabled persons, if applicable	Experts in appropriate fields of special needs education	Principal	Owner/Representative of the owner if applicable	TOTAL
Inkanyezi Training Centre	5	1	1	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	5+4=9
KwaZamokuhle School	6	1	1	Nil	1	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	6+5=11
PINETOWN												
Kwa-Thintwa School for the Deaf	12	2	2	2	1	Nil	1	Nil	1	1	1	11+12=23
Khalipha Special School	7	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	7+6=13
S. Dass School	8	2	2	Nil	1	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	8+7=15
Sunfield Home School	7	1	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	1	6+7=13
Golden Steps Schools	8	2	2	Nil	1	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	8+7=15
Ethembeni Special School	9	2	2	Nil	1	Nil	1	Nil	1	1	Nil	9+8=17
A.M. Moola Special School	9	2	2	Nil	1	Nil	Nil	1	1	1	Nil	9+8=17

District/School	Parents of Learners	Educators at school include two (If five or more)	Non-educators include two (If five or more)	Learners attending Grade 8 or higher (two learners)	Representatives of sponsoring bodies, if applicable	Representatives of organisations of parents with learners with special needs	Representatives of organisations of disabled persons, if applicable	Disabled persons, if applicable	Experts in appropriate fields of special needs education	Principal	Owner/Representative of the owner if applicable	TOTAL
The Browns Special School	6	2	1	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	6+5=11
Fulton School	8	1	1	1	Nil	Nil	1	Nil	1	1	1	7+8=15
UGU												
Schola Amoris	9	2	2	Nil	1	Nil	Nil	Nil	1	1	1	9+8=17
Harding Special School	6	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	Nil	6+5=11
St Martin de Porres Special School	9	2	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	8+9=17
UMGUNGUN-DLOVU												
Arthur Blaxall School for the Blind	13	2	2	2	1	Nil	1	1	1	1	1	13+12+25
Newton High School	7	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	7+6=13
Peter Pan Training Centre	6	2	1	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	6+5=11

District (bold)/ School	Parents of Learners	Educators at school include two (If five or more)	Non-educators include two (If five or more)	Learners attending Grade 8 or higher (two learners)	Representatives of sponsoring bodies, if applicable	Representatives of organisations of parents with learners with special needs	Representatives of organisations of disabled persons, if applicable	Disabled persons, if applicable	Experts in appropriate fields of special needs education	Principal	Owner/ Representative of the owner if applicable	TOTAL
St Christopher	7	2	1	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	2	1	Nil	7+6=13
Open Gate Special Schools	7	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	7+6=13
Ekukhanyeni LSEN School	7	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	7+6=13
Entokozweni	6	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	Nil	6+5=11
H.S. Ebrahim School	8	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	1	7+8=15
Indaleni School for the Deaf	11	2	2	2	Nil	1	Nil	1	1	1	Nil	11+10= 21
UMLAZI		1										
Inanda Special School	7	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	7+6=13
Golden Hours School	7	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	7+6=13

District/School	Parents of Learners	Educators at school include two (if five or more)	Non-educators include two (if five or more)	Learners attending Grade 8 or higher (two learners)	Representatives of sponsoring bodies, if applicable	Representatives of organisations of parents with learners with special needs	Representatives of organisations of disabled persons, if applicable	Disabled persons, if applicable	Experts in appropriate fields of special needs education	Principal	Owner/Representative of the owner if applicable	TOTAL
Reunion School for Cerebral Palsied Children	9	2	2	Nil	1	Nil	1	Nil	1	1	Nil	9+8=17
Golden Gateway School	9	2	2	Nil	1	Nil	Nil	Nil	1	1	1	8+9=17
Durban School for the Hearing Impaired	10	2	2	1	1	Nil	1	Nil	1	1	Nil	10+9=19
V.N. Naik School for the Deaf	10	2	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	1	10+9=19
Kwavulindlebe School for the Deaf	6	1	1	Nil	1	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	6+5=11
Day Dawn Training Centre	6	2	1	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	6+5=11
Ekuthuleni Special School	8	2	2	Nil	Nil	1	Nil	Nil	1	1	Nil	8+7=15
The Kenmont School	8	1	2	Nil	1	Nil	1	Nil	1	1	Nil	8+7=15

District/School	Parents of Learners	Educators at school include two (If five or more)	Non-educators include two (If five or more)	Learners attending Grade 8 or higher (two learners)	Representatives of sponsoring bodies, if applicable	Representatives of organisations of parents with learners with special needs	Representatives of organisations of disabled persons, if applicable	Disabled persons, if applicable	Experts in appropriate fields of special needs education	Principal	Owner/Representative of the owner if applicable	TOTAL
Livingstone Primary School	9	4	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	9+8=17
West Park LSEN School	7	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	7+6=13
Mason Lincoln Special School	9	1	1	2	Nil	Nil	1	Nil	2	1	Nil	9+8=17
Khulangolwazi School	7	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	7+6=13
Ekuthuthukeni Special School	7	2	1	1	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	7+6=13
Open Air School	8	2	2	Nil	1	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	8+7=15
Ningizimu Special School	10	2	1	Nil	Nil	1	1	1	2	1	Nil	10+9=19
Damarosa Prevocational School	9	2	2	2	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	9+8=17
R.P. Moodley Special School	7	1	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	2	1	Nil	7+6=13

District/School	Parents of Learners	Educators at school include two (If five or more)	Non-educators include two (If five or more)	Learners attending Grade 8 or higher (two learners)	Representatives of sponsoring bodies, if applicable	Representatives of organisations of parents with learners with special needs	Representatives of organisations of disabled persons, if applicable	Disabled persons, if applicable	Experts in appropriate fields of special needs education	Principal	Owner/Representative of the owner if applicable	TOTAL
UMZINYATHI												
Ukukhanya Ko-Msinga Special School	7	1	1	Nil	1	Nil	Nil	1	1	1	Nil	7+6=13
SISONKE												
Vulekani Special School	6	2	1	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	6+5=11
OBONJENI												
Inthuthuko Special School	10	2	1	Nil	1	1	1	1	1	1	Nil	10+9=19
Khulani Special School	8	1	1	Nil	1	1	1	Nil	1	1	Nil	8+7=15
Bumbisizwe	8	2	2	Nil	Nil	Nil	1	1	Nil	1	Nil	8+7=15
VRYHEID												
Inkanyiso Special School	11	2	2	Nil	1	1	1	1	1	1	Nil	11+10=21

District/School	Parents of Learners	Educators at school include two (if five or more)	Non-educators include two (if five or more)	Learners attending Grade 8 or higher (two learners)	Representatives of sponsoring bodies, if applicable	Representatives of organisations of parents with learners with special needs	Representatives of organisations of disabled persons, if applicable	Disabled persons, if applicable	Experts in appropriate fields of special needs education	Principal	Owner/Representative of the owner if applicable	TOTAL
Zamimpilo LSEN	8	2	2	Nil	Nil	1	Nil	1	2	1	Nil	9+8=17
Pro Nobis	7	1	2	Nil	Nil	Nil	Nil	Nil	2	1	Nil	6+7=13

No. 19   **15 Februarie 2012**

WET OP SUID-AFRIKAANSE SKOLE, 1996 (WET NO. 84 VAN 1996)

SAMESTELLING EN VERKIESING VAN BEHEERLIGGAME VAN OPENBARE SKOLE VIR LEERDERS MET SPESIALE BEHOEFTES

Ek, EDWARD SENZO MCHUNU, Lid van die Uitvoerende Raad, verantwoordelik vir Onderwys in die Provinsie van KwaZulu-Natal, het aangeleenthede betreffende beheerliggame bepaal ingevolge artikels 24 en 28 van die Wet op Suid-Afrikaanse Skole, 1996 (Wet No. 84 van 1996) soos gewysig en soos bedoel in hierdie bylae.

BYLAE

Omskrywings

1. In hierdie kennisgewing het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg word, daardie betekenis tensy uit die konteks anders blyk, en beteken –

"**borgliggaam**" 'n groep van individuele of 'n organisasie wat aaneenlopende finansiële ondersteuning aan die skool verskaf;

"**dag**" kalenderdag;

"**Departement**" die KwaZulu-Natal Departement van Onderwys;

"**Departementshoof**" die Departementshoof van Onderwys in die Provinsie van KwaZulu-Natal;

"**eerste vergadering**" 'n vergadering gehou uitsluitlik vir die verkiesing van ampsdraers;

"**eienaar**" die geregistreerde eienaar van 'n privaateiendom waarop die skool geleë is ingevolge artikel 14 van die Wet;

"**gekoöpteerde lede**" lede –
    (a) sonder stembevoegdhede gekoöpteer vir hul kundigheid; en
    (b) met stembevoegdhede gekoöpteer om vertrekkende lede wat nie hul ampstermyn voltooi het nie, te vervang;

"**geslote vergadering**" 'n vergadering wat slegs oop is vir –
    (a) ouers vir die verkiesing van ouers;

(b) opvoeders vir die verkiesing van opvoeders;

(c) nie-opvoeders vir die verkiesing van nie-opvoeders; en

(d) leerders van die verteenwoordigende raad van leerders, indien toepaslik;

"**kieser**" 'n ouer in die ouerkomponent, 'n opvoeder in die opvoeder-komponent, 'n nie-opvoeder in die nie-opvoeder-komponent en 'n leerder van die verteenwoordigende raad van leerders-komponent, indien toepaslik;

"**kundige**" 'n persoon wat bekwaam is of wat spesialisvaardighede het in die veld van spesiale behoefte onderwys;

"**Lid van die Uitvoerende Raad**" die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir onderwys in die Provinsie KwaZulu-Natal;

"**nie-opvoeder**" enige ander personeellid in diens by die skool anders as 'n opvoeder;

"**skool**" 'n openbare skool wat leerders met spesiale onderwysbehoeftes in een of meer graad vanaf graad 0 tot graad 12 laat inskryf;

"**skoolverkiesingsbeampte**" 'n skoolhoof, waarnemende skoolhoof of 'n beampte wat nie by die skool in diens is nie, en aangestel deur die departementshoof om skoolbeheerliggaam-verkiesings te hou;

"**verkiesingsdag**" 'n volle dag opsygesit deur 'n skoolbeheerliggaam vir die doeleindes om verkiesings vir 'n skoolbeheerliggaam te hou in plaas van om 'n verkiesingsvergadering te hou;

"**verkiesingsvergadering**" –

(a) vier afsonderlike verkiesingsvergaderings gehou uitsluitlik vir die benoeming en verkiesing van slegs ouers, slegs opvoeders, slegs nie-opvoeders en slegs leerders uit die verteenwoordigende raad van leerders, soos die geval mag wees; en

(b) 'n tussenverkiesingsvergadering;

"**verkiesingsmonitors**" beamptes of belanghebbendes gekies uit die provinsiale of distriksverkiesingtaakspan en goedgekeur deur die Departementshoof as waarnemers, toesighouers of opsieners van die verkiesing; en

"**Wet**" die Wet op Suid-Afrikaanse Skole,1996 (Wet No. 84 van 1996), soos gewysig.

Lidmaatskap van beheerliggame

2. Die beheerliggaam van skole met spesiale behoeftes, tensy anders aangedui in Aanhangsel A, moet bestaan uit –

(a) ouers van leerders ingeskryf by 'n skool waarvoor 'n beheerliggaam verkies word, bestaande uit een meer ouer as die gekombineerde getal lede met stemreg waarna verwys word in subklousules (b) tot (j), tensy anders gelas deur die Lid van Uitvoerende Raad;

(b) een opvoeder verkies deur die opvoeders in diens by die betrokke skool indien daar vier of minder opvoeders is en twee opvoeders indien daar vyf of meer opvoeders in diens is by die betrokke skool;

(c) een nie-opvoeder verkies deur nie-opvoeders in diens by die betrokke skool;

(d) in die geval van 'n skool met leerders in graad agt of hoër, twee leerders verkies uit die verteenwoordigende raad van leerders ingeskryf by die betrokke skool, indien toepaslik;

(e) een verteenwoordiger, aangestel deur die borgliggaam of liggame wat die skool finansieer, ongeag hoeveel borgliggame daar is, indien toepaslik;

(f) een verteenwoordiger, aangestel deur 'n organisasie of organisasies van ouers van leerders met spesiale onderwysbehoeftes, ongeag hoeveel organisasies daar is, indien toepaslik;

(g) een verteenwoordiger aangestel deur 'n organisasie of organisasies van relevante gestremde persone ongeag hoeveel organisasies van gestremde persone bestaan, indien toepaslik;

(h) een gestremde persoon aangestel deur gestremde persone binne die gemeenskap, indien toepaslik;

(i) een kundige aangestel deur kundiges in die veld van spesiale behoeftes-opvoeding, indien daar vier of minder kundiges is, en twee kundiges indien daar vyf of meer kundiges teenwoordig is by die vergadering belê deur die verkiesingsbeampte;

(j) die eienaar van privaat eiendom waarop 'n openbare skool geleë is, indien toepaslik; en

(k) die skoolhoof van die skool in sy of haar amptelike hoedanigheid.

Ampstermyn

3.(1) 'n Beheerliggaam word verkies vir 'n tydperk van drie jaar tensy die Lid van die Uitvoerende Raad anders gelas.

(2) Die Lid van die Uitvoerende Raad sal die termyn en die verkiesingstydperk vir alle skole bepaal.

(3) Indien die beheerliggaam –

(a) ses maande of minder het voor die verstryking van sy ampstermyn, mag die Lid van die Uitvoerende Raad, op redelike gronde en nieteenstaande sodanige tydperk, gelas dat 'n verkiesing gehou word op 'n datum soos deur hom of haar bepaal; of

(b) meer as ses maande voor die verstryking van sy of haar ampstermyn het, mag die Lid van die Uitvoerende Raad, op redelike gronde en na oorlegpleging met die betrokke beheerliggaam, 'n datum bepaal waarop 'n verkiesing gehou sal word nieteenstaande die onverstreke tydperk van sy of haar ampstermyn.

(4) Onderhewig aan klousules 3(3) en 4(2), word alle lede, uitgesluit leerders, verkies uit 'n verteenwoordigende raad van leerders, ingevolge klousule 2(d), verkies vir 'n termyn van drie jaar.

(5) Die ampstermyn van 'n lid van die beheerliggaam wat 'n leerder, verkies ingevolge klousule 2(d) is, is een jaar.

(6) 'n Lid van die beheerliggaam beklee die amp tot die verstryking van die ampstermyn van die beheerliggaam onderhewig aan klousules (3), (4) en (19).

(7) Sou die Departementshoof op redelike gronde bepaal dat 'n beheerliggaam opgehou het om sy toegewese funksies ingevolge die Wet te verrig of versuim het om een of meer of sodanige funksies te verrig, mag die Departementshoof die beheerliggaam se funksies onttrek en –

(a) hy of sy voldoende persone aanstel om alle sodanige funksies of een of meer sodanige funksies van die beheerliggaam vir 'n tydperk wat nie drie maande oorskry nie, te verrig;

(b) mag die tydperk vermeld in subklousule 3(7)(a) verleng met tydperke wat nie drie maande op 'n keer oorskry nie, welke gekombineerde tydperk nie een jaar sal oorskry nie;

(c) moet hy of sy verseker dat 'n beheerliggaam verkies word binne een jaar na die aanstelling van die persoon vermeld in subklousule 3(7)(a).

(8) Onderhewig aan klousule 4, mag 'n lid van die beheerliggaam herverkies of gekoöpteer word, soos die geval mag wees, na die verstryking van sy of haar ampstermyn.

Samestelling en verkiesbaarheid
4.(1) Die volgende is verkiesbaar as lede van 'n beheerliggaam –

(a) ouers of leerders by die skool, indien redelik prakties;

(b) opvoeders by die skool;

(c) nie-opvoeders by die skool; en

(d) leerders uit die verteenwoordigende raad van leerders wat graad agt of hoër by die skool bywoon, indien toepaslik.

(2) Die volgende sal geskik wees vir aanstelling as lede van 'n beheerliggaam –

    (a) verteenwoordigers van 'n borgliggaam of liggame, indien toepaslik;

    (b) verteenwoordigers van 'n organisasie of organisasies van ouers van leerders met spesiale onderwysbehoeftes, indien toepaslik;

    (c) verteenwoordigers van organisasies van gestremde persone, indien toepaslik;

    (d) een gestremde persoon aangestel deur gestremde persone binne die gemeenskap, indien toepaslik; en

    (e) een kundige in 'n toepaslike veld van spesiale behoeftesonderwys.

(3) Geen persoon mag verkies word as 'n lid van 'n beheerliggaam nie indien hy of sy –

    (a) skuldig bevind is aan 'n misdryf en gevonnis is tot meer as 12 maande gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, hetsy binne die Republiek of buite die Republiek indien die gedrag wat die misdryf uitmaak 'n misdryf in die Republiek sou wees, met dien verstande dat niemand mag beskou word as gevonnis totdat –

        (i) 'n appèl teen die skuldigbevinding of vonnis vasgestel is nie; of

        (ii) die tyd vir 'n appèl verstryk het nie, met dien verstande dat onbevoegdheid kragtens hierdie paragraaf eindig vyf jaar nadat die vonnis uitgedien is;

    (b) deur 'n bevoegde hof as ontoerekeningsvatbaar verklaar is;

    (c) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;

    (d) 'n ouer is, maar nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie en nie in besit is van 'n permanente residensiële permit nie tensy dit deur die Departementshoof toegelaat word;

    (e) 'n ouer is, maar nie meer 'n ingeskrewe kind by die skool het nie;

    (f) 'n leerder is wat nie 'n lid van die verteenwoordigende raad van leerders is nie, waar toepaslik; of

    (g) skuldig bevind is aan ernstige wangedrag in 'n dissiplinêre verhoor.

(4) 'n Lid ontruim sy of haar amp indien hy of sy –

    (a) nie aan die vereistes voldoen soos uiteengesit in klousule 4(1) en (2) nie;

    (b) bedank of sy of haar ampstermyn beëindig is;

    (c) 'n lid is wat verkies is ingevolge klousule 2(a) en nie meer 'n kind as ingeskrewe leerder by die skool het nie;

    (d) 'n lid verkies ingevolge klousule 2(b) of (c) is en sy of haar diens beëindig word, of hy of sy oorgeplaas is vanaf, of gesekondeer word weg van, die betrokke skool;

    (e) oorlede is;

    (f) 'n lid verkies ingevolge klousule 2(d) is en hy of sy nie meer die skool of betrokke kinder- en jeugsorgsentrum bywoon nie;

    (g) afwesig is sonder vooraf geskrewe verskoning van twee opeenvolgende gewone vergaderings van die   beheerliggaam;

(h) nie meer 'n lid van die verteenwoordigende raad van leerders is nie; of

(i) skuldig bevind is aan ernstige wangedrag in 'n dissiplinêre verhoor.

Aanstelling van provinsiale verkiesingsbeamptes

5.(1) Die Departementshoof moet, skriftelik, 'n provinsiale verkiesingsbeampte, 'n adjunk-provinsiale verkiesingsbeampte en assistent-verkiesingsbeamptes aanstel;

(2) Die provinsiale verkiesingsbeampte moet –

(a) verseker dat die verkiesing voldoende publisiteit kry;

(b) die aanstelling administreer van een of meer beamptes in diens van die Departement om bystand aan die verkiesing te verleen as provinsiale assistent-verkiesingsbeamptes;

(c) verseker dat die wetgewing ten opsigte van die verkiesing nagekom word;

(d) 'n verkiesingskedule vir alle skole in die Provinsie opstel;

(e) die intrede van nuutverkose beheerliggaamlede monitor; en

(f) ondersoeke uitvoer soos gelas deur die Departementshoof.

(3) Die provinsiale adjunk-verkiesingsbeampte en die provinsiale assistent-verkiesingsbeamptes staan die provinsiale verkiesingsbeampte by in die uitvoer van sy of haar pligte.

Aanstelling van distriksverkiesingsbeamptes

6.(1) Die Departementshoof moet, skriftelik, 'n distriksverkiesingsbeampte, 'n adjunk-distriksverkiesingsbeampte en assistent-distriksverkiesingsbeamptes aanstel.

(2) Die distriksverkiesingsbeampte moet –

(a) die aanstelling administreer van een of meer beamptes in diens van die Departement om bystand tydens die verkiesing te verleen as assistent-distriksverkiesingsbeampte;

(b) die aanstelling van skoolverkiesingsbeamptes administreer;

(c) 'n verkiesingskedule vir alle skole in die distrik publiseer;

(d) nakoming van die verkiesingsproses verseker;

(e) verseker dat elke skool 'n geldige kieserslys het;

(f) die databasis van alle nuutverkose beheerliggaamlede in die distrik ontwikkel en administreer en die inligting aan die Departement beskikbaar stel;

(g) verseker dat die nuutverkose beheerliggaamlede binne drie maande na hul verkiesing intree; en

(h) dispute ten opsigte van die skoolbeheerliggaamverkiesing soos bedoel in klousule 17 oplos.

(3) Die adjunk-distriksverkiesingsbeampte en die assistent-distriksverkiesingsbeamptes sal die distriksverkiesingsbeampte in die uitvoering van sy of haar pligte bystaan.

(4) Die adjunk-distriksverkiesingsbeampte en assistent-distriksverkiesingsbeamptes mag die distriksverkiesingsbeampte van raad voorsien aangaande enige kwessie wat met die verkiesing verband hou.

Aanstelling van skoolverkiesingsbeamptes

7.(1) Die Departementshoof moet, skriftelik, 'n beampte van die Departement as die skoolverkiesingsbeampte aanstel vir die verkiesing van ouers, opvoeders, nie-opvoeders en leerders uit die verteenwoordigende raad van leerders as lede van 'n beheerliggaam.

(2) 'n Skoolhoof mag nie aangestel word as skoolverkiesingsbeampte in 'n skool waar hy of sy in diens is nie.

(3) Die skoolverkiesingsbeampte moet, skriftelik, een of meer beamptes of opvoeders in diens van die Departement of in diens van die skoolbeheerliggaam aanstel om bystand te verleen tydens die verkiesings as assistent-verkiesingsbeamptes.

(4) Die skoolverkiesingsbeampte sal by alle verkiesingsvergaderings voorsit, ingesluit tussenverkiesings en verkiesings vir ampsdraers vir die duur van die ampstermyn van die verkose skoolbeheerliggaam.

(5) Die skoolverkiesingsbeampte en die assistent-skoolverkiesingsbeampte sal nie 'n kandidaat, 'n voorsteller of sekondant van 'n kandidaat wees nie.

Plegtige verklaring van vertroulikheid

8. Alle verkiesingsbeamptes moet 'n plegtige verklaring van vertroulikheid teken in 'n vorm soos bepaal deur die Departementshoof voordat hy of sy die pligte van 'n verkiesingsbeampte uitvoer.

Kennisgewing van 'n verkiesingsvergadering

9.(1) Die skoolhoof van die skool wat die verkiesingsvergadering hou moet –

        (a) 'n datum, tyd en plek vir 'n verkiesingsvergadering bepaal; en

        (b) 'n kennisgewing voorberei waarin die datum, tyd en plek van die verkiesingsvergadering uiteengesit word.

(2) Ten minste 21 dae voor die datum van die verkiesingsvergadering moet die skoolhoof –

(a) 'n afskrif van die kennisgewing van die verkiesingsvergadering aan elke leerder by die skool oorhandig met 'n mondelinge instruksie om die kennisgewing aan die leerder se ouers te oorhandig; of

(b) 'n afskrif van sodanige kennisgewing per pos aan die ouers stuur; en

(c) 'n afskrif van die kennisgewing aan die opvoeders en nie-opvoeders oorhandig;

(d) teweegbring dat 'n afskrif van die kennisgewing in 'n opvallende plek by die skool en by enige ander geskikte en prominente plek opgeplak word; en

(e) 'n afskrif aan elke lid van die verteenwoordigende raad van leerders oorhandig.

(3) In die geval van 'n nuwe skool, moet die verkiesingsvergadering binne 60 dae na die stigting van die skool of sentrum gehou word.

Kieserslys

10.(1) Die skoolhoof moet 'n afsonderlike kieserslys voorberei vir –

(a) ouers;

(b) opvoeders;

(c) nie-opvoeders; en

(d) leerders uit die verteenwoordigende raad van leerders.

(2) Die skoolhoof moet die kieserslys voorberei deur gebruik van die –

(a) leerdertoelatingsboek vir ouers;

(b) tydboek vir opvoeders;

(c) tydboek vir nie-opvoeders; en

(d) bywoningsregister van die leerders vir die verkiesing van leerders.

(3) Die skoolhoof moet, ten minste 21 dae voor die verkiesingsvergadering, teweegbring dat 'n brief en die vorm, soos goedgekeur deur die Departement, saam met die leerders gestuur word aan die ouers, met die doel om ouers uit te nooi om hul inligting by die skool op te dateer.

(4) Ten minste 14 dae voor die verkiesingsvergadering moet die skoolhoof potensiële kiesers toelaat om die kieserslys te inspekteer.

(5) Enige klagte ten opsigte van die kieserslys moet na die skoolhoof verwys word ten minste sewe dae voor die verkiesingsdatum.

Verkiesingsvergaderings

11.(1) Tensy daar oortuigende redes is waarom nie, moet alle skole skoolbeheerliggaamverkiesings hou deur middel van 'n verkiesingsvergadering en afsonderlike verkiesingsvergaderings moet gehou word vir –

(a) ouers;

(b) opvoeders;

(c) nie-opvoeders; en

(d) leerders uit die verteenwoordigende raad van leerders.

(2) Die skoolverkiesingsbeampte moet 'n assistent-skoolverkiesingsbeampte aanstel om as sekretaris by die vergaderings op te tree en om notule van die verrigtinge te hou.

(3) Buiten verkiesingsmonitors en die assistent-skoolverkiesingsbeampte, moet die skoolverkiesingsbeampte geen persoon wat onbevoeg is as 'n kieser toelaat om 'n vergadering by te woon nie of die verkiesing van 'n persoon wat nie 'n bevoegde kandidaat is nie, ingevolge klousule 4, toelaat nie.

(4) Die skoolverkiesingsbeampte moet kiesers versoek om bewys van identifikasie te lewer in die vorm van 'n Suid-Afrikaanse identiteitsdokument of 'n geldige paspoort.

(5) Voordat die verkiesing van lede van 'n beheerliggaam voortgaan, moet die skoolverkiesingsbeampte die kiesers se aandag vestig op die volgende –

(a) die ampstermyn van die huidige skoolbeheerliggaam het verstryk en lede is amptelik in kennis gestel;

(b) die verkiesingsvergadering is 'n geslote vergadering;

(c) die bepalings van klousule 4 wat 'n persoon onverkiesbaar maak vir lidmaatskap van 'n beheerliggaam;

(d) die getal persone wat verkies moet word;

(e) elke benoeming moet deur 'n ouer, opvoeder, nie-opvoeder of 'n leerder van die verteenwoordigende raad van leerders, soos die geval mag wees, en wat daarop geregtig is om te stem, gesekondeer word;

(f) dat tydens benoemings, kieser-verteenwoordiging in ag geneem moet word en verseker dat benoemings verteenwoordigend is van geslag, ras en moet benoemings van gestremde persone insluit;

(g) dat 'n kieser een stem het vir elke vakature wat gevul moet word;

(h) dat stemming deur middel van geheime stembriewe plaasvind; en

(i) dat 'n grieweprosedure bestaan vir diegene wat gegrief voel deur die verkiesingsproses of uitkoms.

Kworum vir 'n verkiesingsvergadering

12.(1) 'n Kworum van 15 persent van die kiesers op die kieserslys moet gevorm word voordat enige verkiesing gehou word.

(2) Indien 'n kworum, vermeld in subklousule (1), nie gevorm is nie, moet die vergadering uitgestel word vir ten minste 14 dae, maar nie later nie as 21 dae.

(3) In die geval van 'n uitgestelde vergadering soos bedoel in klousule 12(2), moet die skoolverkiesingsbeampte, op die dag van die daaropvolgende vergardering, voortgaan met die daaropvolgende vergadering ongeag of 'n kworum gevorm is of nie.

Benoemings vir 'n verkiesingsvergadering

13.(1) Die skoolverkiesingsbeampte van 'n skool wat 'n verkiesingsvergadering hou moet –

    (a) die tyd van benoemings bepaal en toeken;

    (b) genoegsame tyd vir die benoemings van kandidate tydens die benoemingsfase toelaat; en

    (c) die kiesers van die toegelate tyd in kennis stel.

(2) 'n Persoon mag in absentia benoem word, met dien verstande dat die –

    (a) voorsteller en sekondant van die benoemde persoon teenwoordig is by die vergadering; en

    (b) benoemde persoon skriftelike bevestiging van aanvaarding van die benoeming verskaf.

(3) By 'n verkiesingsvergadering mag 'n kandidaat skriftelik of mondelings benoem word deur –

    (a) 'n ouer van 'n ingeskrewe leerder by die skool vir 'n vakature ingevolge klousule 2(a);

    (b) 'n opvoeder in diens van die betrokke skool vir 'n vakature ingevolge klousule 2(b);

    (c) 'n nie-opvoeder in diens van die betrokke skool vir 'n vakature ingevolge klousule 2(c); of

    (d) 'n leerder uit die verteenwoordigende raad van leerders ingevolge klousule 2(d),

met dien verstande dat 'n ander ouer, opvoeder, nie-opvoeder of 'n leerder uit die verteenwoordigende raad van leerders, soos die geval mag wees, die voorstel sekondeer en die benoemde mondelings, of skriftelik indien hy of sy afwesig is, vir die vergadering aandui dat hy of sy bereid is om as 'n lid van die beheerliggaam te dien, indien verkies.

(4) Ten spyte daarvan dat 'n lys van benoemdes saamgestel is voor die verkiesingsvergadering, moet die skoolverkiesingsbeampte mondelinge benoemings van kandidate toelaat en moet genoegsame tyd toelaat vir mondelinge benoemings.

(5) Die voorsteller en die sekondant van 'n kandidaat moet teenwoordig wees by 'n verkiesingsvergadering en moet 'n benoemingsvorm voltooi.

(6) 'n Skoolverkiesingsbeampte moet –

      (a) 'n persoon wat 'n kandidaat benoem, die geleentheid gun om die kandidaat aan die vergadering bekend te stel en redes vir die benoeming gee; of

      (b) 'n benoemde kandidaat toelaat om hom- of haarself aan die vergadering bekend te stel.

(7) Tydens die benoemings, moet die skoolverkiesingsbeampte die benoemings oorweeg en die benoeming afkeur van enige kandidaat wat –

      (a) nie benoem is ooreenkomstig klousule 13(2) en 13(3) nie; of

      (b) ingevolge klousule 4 onverkiesbaar is.

(8) Indien die getal persone wat benoem is die aantal vakatures oorskry, moet die skoolverkiesingsbeampte onmiddellik na die sluiting van die benoemings, die name van die kandidate op 'n geskikte bord of enige oppervlak wat vir almal wat die vergadering bywoon duidelik en sigbaar is, neerskryf.

(9) Indien die getal persone wat benoem is, gelyk is aan die aantal vakatures, moet die skoolverkiesingsbeampte die benoemde persone as behoorlik verkies verklaar.

(10) Die benoemingsproses sal deur die skoolverkiesingsbeampte gesluit word.

Stemming by die verkiesingsvergadering

14.(1) Elke kieser het een stem vir elke vakature wat op die beheerliggaam gevul moet word.

(2) Die skoolverkiesingsbeampte moet die kiesers wat teenwoordig is, versoek om 'n kruis (x) teenoor die name van die kandidate wat hul verkies, te maak op die stembriewe voorsien deur die skoolverkiesingsbeampte.

(3) 'n Persoon wat nie in staat is om sy of haar stem op die stembrief uit te bring nie, soos bedoel in klousule 14(2), mag 'n mondelinge versoek om bystand aan die skoolverkiesingsbeampte of die assistent-skoolverkiesingsbeampte rig om sy of haar stem teenoor die toepaslike kandidaat op die stembrief te merk.

(4) Die skoolverkiesingsbeampte sal enige gestremde persoon bystaan.

(5) Die versoek om bystand en die voltooiing van die stembrief bedoel in klousule 14(3), sal in privaat gedoen word in 'n gebied wat vir daardie doel deur die skoolverkiesingsbeampte geïdentifiseer is, maar binne die gebied waarin die stemming plaasvind.

(6) Die skoolverkiesingsbeampte moet stembriewe afkeur met –

    (a) meer kruise (x) as die getal vakatures op die beheerliggaam; of

    (b) die naam van 'n persoon of persone wat nie benoem is nie.

(7) Nadat al die kiesers gestem het, moet die skoolverkiesingsbeampte en die assistent-skoolverkiesingsbeamptes die stemme tel in die teenwoordigheid van drie waarnemers, aangestel deur diegene wat die vergadering bywoon, om die telproses waar te neem.

(8) In die geval van 'n staking van stemme tussen kandidate na twee stemsessies, moet die skoolverkiesingsbeampte die dooie punt oplos deur die opskiet van 'n muntstuk en die wenner bepaal deur kruis of munt.

(9) Die skoolverkiesingsbeampte moet die uitslag tydens die verkiesingsvergadering aankondig en die kandidate wat die meeste stemme gekry het, as die verkose lede van die beheerliggaam verklaar.

(10) Die getal stemme wat 'n persoon in hierdie verkiesing ontvang bepaal nie die uitslag van die verkiesing van ampsdraers nie.

Aanstelling van lede

15.(1) Die skoolhoof moet, 21 dae voor die verkiesingsdatum, 'n skriftelike uitnodiging rig aan –

    (a) die borgliggame;

    (b) organisasies vir gestremde persone;

    (c) gestremde persone in die gemeenskap;

    (d) kundiges; en

    (f) elke organisasie wat geregtig is op verteenwoordiging op 'n beheerliggaam ingevolge klousule 4(2),

ten einde hulle uit te nooi om 'n vergadering by te woon vir die aanstelling van verteenwoordigende lede in ooreenstemming met klousule 2(e) tot (i).

(2) Die skoolverkiesingsbeampte sit voor by die vergadering en lei die verrigtinge by die vergadering verwys na in subklousule 15(1).

(3) By die vergadering moet die skoolverkiesingsbeampte gelas dat die verskillende kategorieë verwys na in subklousule 15(1), verteenwoordigers skriftelik aanstel uit hul geledere en moet volledige

besonderhede voorsien van die aangestelde persoon of persone, ingesluit hul name, adresse, kontaknommers en e-posadresse.

(4) Die vergadering verwys na in subklousule 15(1) moet die ouerverkiesingsvergadering voorafgaan.

(5) By ontvangs van die name van die aangesteldes in subklousule 15(1), en nadat die skoolverkiesingsbeampte homself of haarself tevrede gestel het dat 'n aangestelde die aanstelling aanvaar het as 'n lid van 'n beheerliggaam, moet die skoolverkiesingsbeampte onmiddellik, skriftelik, elke aangestelde inlig van sy of haar aanstelling as lid van die beheerliggaam.

Verkiesing van ampsdraers

16.(1) Die skoolverkiesingsbeampte mag 'n vergadering belê uitsluitlik vir die doel om ampsdraers te verkies op die dag van die ouerverkiesingsvergadering indien –

        (a) die verkiesing van opvoeders, nie-opvoeders en leerders alreeds voor die ouerverkiesing plaasgevind het;

        (b) die 21 dae-kennisgewing ingevolge klousule 9(2) uitgereik is aan ouers, opvoeders, nie-opvoeders en leerders uit die verteenwoordigende raad van leerders ter inligting dat die vergadering vir die verkiesing van ampsdraers op die dag van die ouerverkiesing sou plaasvind; en

        (c) die kworumvereistes by die vergadering nagekom is.

(2) Sou die vergadering om ampsdraers te verkies nie gehou word ingevolge klousule 16(1) nie, moet die skoolverkiesingsbeampte die eerste vergadering van die beheerliggaam binne 21 dae na die datum van die ouerverkiesingsvergadering belê.

(3) Die skoolverkiesingsbeampte sit voor by enige vergadering wat belê is vir die verkiesing van ampsdraers.

(4) By die eerste vergadering van 'n beheerliggaam moet die lede, deur middel van geheime stembriewe, 'n –

        (a) voorsitter;

        (b) adjunk-voorsitter;

        (c) tesourier; en

        (d) sekretaris,

verkies.

(5) Enige lid van die beheerliggaam verkies uit die kategorieë van persone verwys na in klousule 2(a), (e), (f), (g), (h) en (i) mag as voorsitter van die beheerliggaam dien.

(6) Die ampstermyn van ampsdraers is een jaar.

(7) Die skoolhoof mag 'n lid van sy of haar personeel aanwys om die tesourier en sekretaris van die beheerliggaam by te staan.

(8) Indien, om enige rede, die amp van een van die ampsdraers vakant raak, moet die beheerliggaam, by die eerste vergadering nadat die vakature ontstaan het, een van sy lede verkies om die vakature vir die onverstreke tydperk van sy of haar voorganger te vul.

(9) 'n Ampsdraer mag herverkies word na die verstryking van die ampstermyn.

(10) Die skoolhoof moet, binne 14 dae na die verkiesing, die Departementshoof inlig van enige verandering in die ampsdraers en moet hom of haar voorsien van die besonderhede van die nuwe ampsdraers, ingesluit name, identiteitsnommers, telefoon- of selfoonnommers, faksnommers, adresse en e-posadresse waar toepaslik.

(11) Binne 14 dae na die verkiesing, moet die uittredende ampsdraers aan die nuutverkose ampsdraers alle dokumente ten opsigte van die skoolbeheerliggaam oorhandig en 'n goedgekeurde oorhandigingsertifikaat moet uitgereik en deur beide voorsitters geteken word.

Oplossing van dispute

17.(1) 'n Kieser of persoon wat 'n kandidaat in 'n beheerliggaamverkiesing was, kan sy of haar klagte of grief, skriftelik, by die distrikverkiesingsbeampte indien binne sewe dae na die verkiesingsvergadering indien die voorgeskrewe prosedures nie tydens die verkiesingsvergadering gevolg was nie.

(2) 'n Persoon wat oor enige kennis of inligting van enige onreëlmatighede ten opsigte van die verkiesing beskik, mag die distrikverkiesingsbeampte binne sewe dae na die verkiesing, skriftelik, oor die onreëlmatighede inlig.

(3) By ontvangs van die klagte, grief of inligting van enige onreëlmatighede, moet die distrikverkiesingsbeampte die adjunk-distrikverkiesingsbeampte of assistent-distrikverkiesings-beampte aanstel om 'n ondersoek te doen en 'n aanbeveling aan hom of haar te maak.

(4) Die distrikverkiesingsbeampte mag, na 'n ondersoek, 'n verkiesing ongeldig verklaar en 'n herverkiesing uitroep indien hy of sy tevrede is dat –
        (a) die voorgeskrewe prosedures nie gevolg is nie;
        (b) onreëlmatighede gedurende die verkiesingsproses gepleeg is; en

(c) die uitkoms van die verkiesing anders sou gewees het indien die voorgeskrewe prosedures gevolg was.

(5) Enige persoon gegrief deur die distrikverkiesingsbeampte se besluit, mag teen sodanige besluit appél rig aan die Departementshoof binne 14 dae na ontvangs van die distrikverkiesingsbeampte se besluit.

(6) Die Departementshoof moet –

(a) binne sewe dae na ontvangs van die appèl, die appèl na die provinsiale verkiesingsbeampte verwys;

(b) die provinsiale verkiesingsbeampte versoek om die saak te ondersoek en 'n verslag met aanbevelings voor te berei binne 14 dae nadat die appèl na die provinsiale verkiesingsbeampte verwys is; en

(c) die verslag bedoel in subklousule 6(b) oorweeg, 'n bevinding maak en sy of haar besluit skriftelik kommunikeer aan die appellant en aan die distrikverkiesingsbeampte binne 14 dae nadat die verslag van die provinsiale verkiesingsbeampte ontvang is.

(7) Die besluit van die Departementshoof is finaal.

(8) Die Departementshoof mag, hangende die uitslag van die dispuut, voldoende persone aanstel om die funksies van die beheerliggaam vir 'n tydperk wat nie drie maande oorskry nie, te verrig.

Prosedure na die verkiesing

18. Na die verkiesing van lede van 'n beheerliggaam, moet die skoolverkiesingsbeampte –

(a) elke verkose lid, skriftelik, van sy of haar verkiesing in kennis stel en kennisgewing moet per faks, pos of e-pos gestuur word, of moontlik per hand afgelewer word;

(b) die distriksverkiesingsbeampte skriftelik in kennis stel van die besonderhede van die verkiesing, ingesluit die datum van die verkiesing, name, identiteitsnommers, telefoonnommers, faksnommers en adresse van alle verkose lede.

(c) alle dokumente, insluitend stembriewe wat by sodanige verkiesing gebruik is, in koeverte plaas, die koeverte verseël en die koeverte in veilige bewaring plaas vir die duur van die ampstermyn van die beheerliggaam; en

(d) binne vyf dae na 'n verkiesing alle dokumente ten opsigte van die verkiesing aan die skoolhoof oorhandig vir veilige bewaring.

Tussenverkiesing

19.(1) Indien 'n vakature ontstaan as gevolg van die vertrek van enige lid van 'n beheerliggaam voor die verstryking van die beheerliggaam se ampstermyn of die lid se ampstermyn, moet die skoolverkiesingsbeampte voorsit by die verkiesing van 'n nuwe lid om die vertrekkende lid te vervang.

(2) Indien 'n vakature of vakatures meer as ses maande voor die verstryking van die ampstermyn van 'n beheerliggaam ontstaan, moet die skoolverkiesingsbeampte 'n tussenverkiesing hou en die prosedures soos uiteengesit in klousules 9 tot 14 volg.

(3) Die skoolverkiesingsbeampte moet 'n verkiesingsvergadering reël binne 90 dae nadat 'n vakature ontstaan het en, hangende van die tussenverkiesing, mag die beheerliggaam lede koöpteer.

(4) Indien 'n vakature minder as ses maande voor die verstryking van die ampstermyn van 'n beheerliggaam as gevolg van die vertrek van 'n lid ontstaan –

　　(a) moet die oorblywende lede deur middel van 'n meerderheidstem, 'n persoon of persone koöpteer om die vakature of vakatures vir die oorblywende deel van die ampstydperk van die beheerliggaam te vul; en

　　(b) die ouer-, opvoeder-, nie-opvoeder- en leerderkomponent moet name van ten minste drie geskikte persone aanbeveel wat tot die beheerliggaam gekoöpteer kan word en die beheerliggaam moet uit die aanbevole name koöpteer.

(5) 'n Gekoöpteerde lid verwys na in subklousules (3) en (4) neem die stemregte van die vertrekkende lid, indien enige, oor.

Beheerliggaam dien twee of meer skole

20.(1) 'n Beheerliggaam wat twee of meer skole beheer, moet uit die volgende lede bestaan –

　　(a) ouers verkies deur ouers van leerders ingeskryf by elk van die skole waarvoor 'n beheerliggaam verkies word, bestaande uit een meer ouer as die gekombineerde getal van verteenwoordigers verkies tot die beheerliggaam;

　　(b) een opvoeder verkies deur die opvoeders in diens by elk van die skole waarvoor 'n beheerliggaam verkies word;

　　(c) een nie-opvoeder verkies deur die nie-opvoeders in diens by elk van die skole waarvoor 'n beheerliggaam verkies word;

